

5 November

Skrifgedeelte: Judas: 1-25
Fokusgedeelte: NGB, Art 27

God bewaar die kerk

Hoe sal die kerk vandag kan voortbestaan? Al meer vervaag die grense tussen Godsdienste en godsdiens, tussen kerk en wêreld. Die postmoderne mens kies al meer 'n identiteitslose, breë spiritualiteit waarin amper alles aanvaarbaar is.

Hierdie probleem is nie heeltemal nuut nie. Die Judasbrief (60-70 nC) word onder soortgelyke omstandighede geskryf. Die bestaan en identiteit van die gemeente word ernstig bedreig deur losbandige dwaalleraars wat oënskynlik deel van die gemeente is (vers 4). Onder sulke omstandighede word gelowiges opgeroep "om te stry" vir die oorgelewerde geloof (vers 3).

Die gevaar bestaan dat die kerk in hierdie stryd 'n anti-etiket kan kry. Kerkwees beteken dan dat jy teen dit en dat en teen amper alles is. Judas verduidelik egter dat die kerk sy identiteit behou nie net deur stryd TEEN die dwaalleer nie, maar ook deur stryd VIR 'n lewe in die regte verhouding met God! Laasgenoemde stryd vra 'n lewe van gebed en liefde, 'n lewende verwagting van die wederkoms asook deernis met twyfelaars en gevallenes (vers 20-23). Wie só leef, bou die identiteit van die geloof baie sterk uit!

Alhoewel die bereidheid om vir die geloof te stry ook vandag 'n onmisbare deel van kerkwees is, bly dit 'n groot troos dat dit God self is wat sy kerk bewaar. Aan die begin (vers 1) en einde (vers 24) van hierdie brief verseker God die gelowiges van sy bewaring, maar sy bewaring en jou stryd vir die geloof staan nie los van mekaar nie. Hy bewaar sy kerk juis deur mense wat bereid is om só te stry!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)